


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Februarie, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 03




# Orania se Verteenwoordigende Raad beklemtoon selfwerksaamheid

**Dia van Staden** - Redakteur

Riaan Jacobs, die Voorsitter van die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR), stel voor dat Oraniërs pragmaties moet wees oor die Nasionale en Provinsiale verkiesing en dat, indien hulle wil deelneem daaraan, hulle 'n party moet soek wat selfbeskikking as deel van hulle beleid ondersteun. "Jou beginsels en geloofsoortuigings moet nie in die verkiesingsproses verkrag word nie," noem hy.

"Oraniers sal weereens nie afgeraai word om aan die Nasionale en Provinsiale verkiesing deel te neem nie, maar as iemand die Orania-idee ondersteun, sal hy nie terugverlang na die verlede nie," gesels hy. Hy herinner Oraniërs daaraan dat deelname aan 'n verkiesing elke individu onderwerp aan die uitslag daarvan en dat jy jouself aan daardie gesag moet onderwerp.

Riaan verduidelik dat die OVR hul met Orania en die progressie wat reeds hier plaasvind sal besig hou, aangesien daar geen rede is om op die res van Suid-Afrika te fokus nie. Dit is egter belangrik om bewus te wees hoe ons omgewing ons moontlik kan beinvloed. "Ons bou ons selfbeskking in Orania op grond, fisiese, sosiale, ekonomiese, politieke, juridiese, kulturele en christelike vlak. Dit is die enigste manier om uiteindelik 'n Volkstaat te kry, want geen stembus gaan dit vir ons gee nie," beaam hy.




**Tiaan Eloff is 14 maande oud, maar hy het nie op hom laat wag toe daar 'n uitnodigende plas modderwater op die Orania Sportterrein se atletiekbaan na 'n mini reënbui gelê het nie. Volgens mamma Jessica, het hy homself omtrent geniet!**

Hy vertel dat die OVR primêr twee take het:

1. Interne samehang vir die vier grondentiteite, wat verskillende behoeftes en karakters het om binne die Orania-idee te belyn. Beginsels soos eie arbeid, verblyfreg, regspraak en die nuut gestigte grondgebruiktribunaal moet vir almal belangrik genoeg wees sodat dit gekoester word.
2. Eksterne skakeling is van uiterste belang. Riaan sê dat die oorlegsone gevestig is en Orania se staatkundige bevoegdhede nou formeel herken word. Dié stap, buiten dat ons volgens die Afbakeningsraad binne Thembelithle se grense val, het ons nou formeel onder hulle gesag uitbeweeg. Daar vind heelwat skakeling met ander kultuurgroepe, joernaliste en afvaardigings van kultuurorganisasies en ander lande plaas. In hierdie opsig is daar baie nou samewerking met die Orania Beweging en die Dorpsraad. Die OVR streef ook na goeie verhoudings met buurmunisipaliteite, die distriksmunisipaliteit en regering, beide Provinsiaal en Nasionaal.

**Aangesien die OVR minimum invloed het en wil hê, en die meerderheid van die besluitneming in die grondentiteite gesetel is, neem die OVR leiding met die belyning van Oraniërs. Daar word tans baie energie bestee aan die skryf van 'n grondwet vir die OVR en Orania.**

Op die vraag of hy negatiewe aanvalle op Orania tydens die aanloop tot die verkiesing verwag, sê Riaan dat daar tradisioneel altyd iets gebeur om Orania in die kollig te plaas. "Daar is altyd een of ander aanvallende media berig, of Orania word versoek om te kyk of daar iets kontroversieel geskep kan word. Ons is anders en ons volg nie die status quo nie. Op elke vlak van regering en funksionering ontwikkel ons alternatiewe prosesse en instellings soos met ons veiligheid, regspraak, elektrisiteit en algemene dienslewering. In die res van SA stort die kernfaktore ineen, maar hier skep ons alternatiewe daarvoor," sê Riaan trots.

Die OVR het tot stand gekom op grond van die stryd teen die beoogde inlywing van Orania by die Thembelihle Munisipaliteit. Na 'n hofstryd het Orania sy eie Verteenwoordigende Raad demokraties verkies. In die begin het Orania hoofsaaklik uit die aandeleblokskema bestaan met die Dorpsraad as owerheid wat deur aandeelhouers verkies word. Namate meer grond bygekoop en bewoon is deur Oraniërs en nuwe grondentiteite ontstaan het, het die behoefte dat die OVR sy rol as owerheid moet inneem al groter geword.

Die OVR word elke vyf jaar tergelykertyd met die landswye munisipale verkiesing deur alle inwoners van Orania bo 18 jaar verkies, en is daarmee wyd verteenwoordigend en demokraties. Kandidate staan as individue en nie volgens 'n partlys nie. Die OVR is in 'n sekere sin 'n Orania-parlement wat breë rigting gee maar nie met uitvoering op grondvlak en met dag-tot-dag besluite gemoeid is nie. Die OVR bestaan uit twaalf lede met 'n voorsitter, onder voorsitter, en 'n verdere twee lede wat die dagbestuur vorm. Die huidige OVR is in 2021 verkies.

*Na blady 2*

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Deur die Burgemeester se bril**
*Bladsy 3*

**Vloedskade word stelselmatig herstel**
*Bladsy 5*

**16 jarige meisie laat 'n digbundel die lig sien**
*Bladsy 7*

**Tannie Elize vier 30 jaar by die Orania Beweging**
*Bladsy 8*

**Yoraldé doen haar hospitaaljaar**
*Bladsy 9*

**Top Tiener Fotokompetisies – Wen pryse**
*Bladsy 10*

## Sosiale Media

- Orania Dorpsraad
- oraniadorpsraad
- oraniabeweging
- oraniabeweging
- Koerania

## Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS
## met die redakteur



Is dit nie verstommend hoe vinnig 'n maand verby kan gaan nie? Hier is ons in Februarie, die maand van liefde, en die jaar kry stewig momentum. Ouers en kinders skarrel nog effens om hulle ritme in die skoolroetine te vind. Drickus laat sy teenstanders weet wat ons geweet het, terwyl 'n verkiesingsjaar wag en ons eintlik nie meer weet nie.

Heelwat internasionale besoekers was die afgelope maande in Orania verwelkom. Daar word positief kommentaar gelewer en die vooruitsigte om terug te keer na hul onderskeie tuistes raak al meer bleek.

Oraniërs is in afwagting vir die energiegewende battery, sodat produktiwiteit kan uitbrei en asems word opgehou om te sien hoeveel mense dan na Orania as die antwoord op baie vrae sal wil stroom.

Die Noord-Kaap somer daag elke arbeider en werker uit om vas te byt. Almal is dit eens dat daar vinniger gebou moet word sodat die vraag-en-aanbod ratio beantwoord kan word. Besoekers lewer kommentaar oor die hardwerkende en vriendelike gemeenskap. Mag ons hande vat en daardie eienskappe uitbou as vertoonvenster van ons gemeenskap.

Iewers staan iemand by 'n sterfbed en treur. Wat het van simpatie en empatie geword? Gee ons werklik nog vir mekaar om? Ons kry met elke nuwe dag 'n geleentheid om liefde te toon. Doen dit net!

Dankie vir elke Koerania ondersteuner, adverteerder en leser! Hou ons gerus op ons tone en stuur ook jou storie of foto vir ons na redakteur@koerania.co.za om moontlik in die volgende uitgawe in te sluit.

Skink 'n koffie en laat ons verder bou!

*Dia van Staden*

## Orania se Verteenwoordigende Raad (vervolg)

As Riaan 'n opinie oor die opkomende verkiesing moet waag dink hy dat die ANC swakker gaan vaar en meer radikaal sal word. Hy waarsku dat Afrikaners nie té optimisties oor opposisie koalisies moet raak nie en eerder bekommerd moet wees oor met wie die ANC 'n koaliese kan sluit.

Sy mening is dat Orania na die verkiesing, net soos tydens die grendelstaatperiode, weer 'n oplewing gaan toon in verblyfrefgaansoeke, beleggers en algemene belangstelling in die Orania-idee wat werk.



**Die Orania Verteenwoordigende Raad is in 2022 aangewys. Die raad bestaan uit die volgende lede: Voor: Jan Beyers, Carel Boshoff, Riaan Jacobs, Lida Strydom. Agter: Renier Botha, Hanri Maritz, Hans van Staden, Frans de Klerk, John Strydom, Christiaan van Zyl (Voorsitter van die Orania Inwonersvereniging verantwoordelik vir die reël van die verkiesing) , Albert van Zyl, Willie Nel en Phillip Nothnagel.**

# Befaamde besoekers uit Nederland

Wierd Duk, 'n hoog aangeskrewe Nederlandse historikus, bekroonde joernalis en skrywer het saam met Marlies Dekkers, 'n internasionale ontwerper van onderklerereekse en aanbieder van haar eie kontroversiële potsendingreeks, van 15 tot 17 Januarie 'n besoek aan Orania gebring.

Alhoewel hulle gaste van die Solidariteit Beweging was, wou hulle Orania en sy mense graag beter leer ken voordat hulle na Pretoria vertrek het. Marlies het by 'n kunsskool in Breda studeer en haar eerste onderklerereeks, Undressed, is as 'n nuwe aanslag tot die ontwerp van onderklere gevier. Haar handelsmerk word in meer as 1000 Marlies Dekkers winkels wêreldwyd verkoop. Sy het al verskeie toekennings wil haar ontwerpe ontvang.



**Wierd en Marlies het 'n intieme gehoor toegespreek oor die politieke, kulturele en geestelike toestande in Nederland. Lede van die gehoor het vrae gevra wat heelhartig deur die gaste beantwoord is.**



**'n Groep vroue het gretig na Marlies geluister terwyl sy meer van haar lewe in Nederland en haar liefde vir kreatiwiteit en ontwerp vertel het. Marlies gesels met Zelda van Staden, 'n plaaslike ontwerper, oor haar tradisionele Afrikanerdrag wat tans in Orania beskikbaar is.**



**Marlies het die Oraniadrag interessant gevind en het selfs vir Lida Strydom wenke gegee oor hoe om die drag uit te bou vir 'n meer moderne aanslag.**

## Orania Vakansiedae 2024

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaar |
| 27 Februarie | Slag van Majuba |
| 29 Maart | Goeie Vrydag |
| 1 April | Gesinsdag |
| 6 April | Stigtingsdag |
| 9 Mei | Hemelvaartdag |
| 31 Mei | Bittereinderdag |
| 14 Augustus | Taaldag |
| 10 Oktober | Heldedag |
| 11 November | Witkruisdag |
| | *nie amptelike vakansiedag nie* |
| 16 Desember | Geloftedag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |



## Hulle wou Orania beleef om die feite te rapporteer

Penuel Mlotshwa is op verskeie sosiale media platforms ‘n omstrede karakter. Hy staan bekend as Penuel the black pen en hy raak ‘n klomp onderwerpe aan wat hom ‘n gewilde keuse op die platforms maak.

Die redakteur van Koerania, Dia van Staden, het tydens hul besoek aan Penuel ‘n koerant oorhandig. Hy is gevra om ‘n paar aspekte van Orania wat die groep opgeval het, uit te lig. Penuel noem dat Orania skoon en netjies vertoon. Hulle was almal verras met die hoeveelheid Oraniërs wat jou groet en wuif. Die feit dat Orania ‘n enorme klomp energie uitstraal omdat daar deurlopende konstruksie, bou, herstel en skeppingswerk gedoen word, was ‘n noemenswaardige aspek. ‘n Videokamera is deurentyd gebruik om belangrike fokuspunte van die dorp vas te vang. Verskeie instellings en ontwikkelings is onder leiding van Joost Strydom, Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging, besoek. Die groep kon nie help om op te merk dat alle Orania projekte daarna mik om wêreldklas en futuristies te wees.



**Paul Vogel, Uitvoerende Hoof van die Bo-Karoo Opleidingsentrum, het die besoekers op ‘n toer deur die praktiese klasse van hul nuwe sentrum begelei.**



**Links na regs… Tebogo Keebine, Penuel Mlotshwa, Riaan Jacobs, Joost Strydom, Penson Mlotshwa, Sizwe Dube, Exo Khayalami, Jonas Nielsson en Gomotso Morobe het die Orasol sonplaas besoek. Dié groep eensgesinde besoekers het deurgaans respek uitgespreek vir die harde werk wat in Orania verrig word.**




## ‘n Stad om in tuis te kom

Lida Strydom - Burgemeester

Afrikaners is nog versigtig vir die idee van ‘n stad. Dit maak logies sin om nou ‘n Afrikanerstad te bou, maar ons bedink dit nog met die verstand, dit het nog nie ons harte vol gemaak nie. Tog het ons nou die geleentheid om ‘n unieke stad tot stand te bring. Hoe sal ‘n stad lyk waarin Afrikaners kan tuiskom?

Ons wil ‘n mooi stad hê, ‘n mensvriendelike, stapvriendelike en ‘n fietsvriendelike stad, maar wat beteken dit? Want oor mooi, lelik en lekker stem ons nie altyd saam nie. Gelukkig is daar briljante denkers wat reeds beginsels neergelê het oor skoonheid. Roger Scruton, ‘n filosoof, beklemtoon die belangrikheid van orde, tradisie en harmonie, terwyl Mies van der Rohe, ‘n bekende argitek, eenvoud, funksionaliteit en die idee dat “minder meer is” omhels.

Breë, boomryke sypaadjies met gerieflike sitplekke en groen areas nooi mense uit om te wandel en te vertoef. Scruton se idee van harmonie rig ons tot samehangende stedelike uitleg waar argitektoniese style mekaar aanvul in pas met die Afrikanerstad se historiese konteks.

Fiets-vriendelike infrastruktuur gee ‘n pragtige dinamika aan ‘n stad. Mies van der Rohe se beginsel van funksionaliteit is in pas met die skep van doeltreffende en veilige fietspaaie. Hierdie bane moet vloeiend in die stedelike weefsel geïntegreer word, ‘n simbiotiese verhouding tussen fietsryers, voetgangers en die res. Groen korridors, geïnspireer deur Scruton se klem op kontak met die natuur kan dien as fietspaaie en sodoende ‘n harmonieuse samevloei van funksionaliteit en estetika bied.

Openbare ruimtes speel ‘n sleutelrol in ‘n mensvriendelike stad. Mies van der Rohe se beginsel van “minder is meer” sal daartoe bydra dat ons oop pleine skep met minimalistiese, toeganklike ontwerpe. Deur Scruton se idee van tradisie hierby te integreer kan hierdie ruimtes kulturele geleenthede aanbied waar die erfenis van die stad omarm word terwyl dit ontmoetings met mede-Oraniërs bevorder.

Ten opsigte van die argitektoniese voorkoms kan Mies van der Rohe se oproep tot eenvoud in balans gebring word met Scruton se beklemtoning van tradisie deur historiese strukture te bewaar en in moderne ontwerpe in te sluit. Hierdie benadering gedenk nie net ons geskiedenis nie, maar verseker ook ‘n dinamiese, visueel aantreklike omgewing.

Hoe lyk die stad wat jy graag wil hê? Onthou, die uitnodiging staan dat jy jou insette kan lewer: lees Cobus Pretorius, Hoof: Beplanning en Grondgebruik by Orania Dorpsraad, se kennisgewing van 25 Januarie waar Oraniërs genooi word om insette rakende die beplande plein in S-blok te lewer. Raak gerus betrokke!

My stad moet tydloos wees, elegant in voorkoms, aantreklik vir oud en jonk, en somtyds ‘n bietjie spelerig! Ons stad moet ons inspireer om gedigte te skryf en te sing, om bly te wees en God te eer. Ek wil inspraak en deelname van Oraniërs sien. Ek wil graag ‘n stad hê met genoeg ruimte, maar veral een saam met my mense waar ek werklik sal tuis voel.

Hoe lyk jou stad?

Laat weet!




A-Z Pekankonferensie vir Suid-Afrikaanse Pekanproduksie

23 - 25 April 2024
Dendron Boerdery – Orania

SPREKERS

Klimaatstreke in SA, Kultivars en Bestuiwing, Boomvorming en snoei, Chemiese snoei van alternerende kultivars
Johan Coetzee

Kwekerye in SA, Die huidige stand van kwekerye, Kwekerystandaarde in SA, Die plant van bome en nasorg
Heiko Meier

Hoë digtheid aanplanting
Ernie Steinberg

Grondontleding met fokus op grond Fisiese eienskappe as deel van grondvrugbaarheid
Prof Leon van Rensburg

Koolhidraatmeting in pekanneute
Dr. Elmi Lötze

NAVRAE & STALLETJIEBESPREKINGS

Platinum borg – R 15 000-00
(6 konferensiekaartjies, 10min spreekbeurt en ‘n stalletjie)

Goue borg – R 10 000-00
(4 konferensiekaartjies en ‘n stalletjie)

Silwer borg – R 7 000-00
(2 konferensiekaartjies en ‘n stalletjie)

Konferensiegangers – R 3 000 p.p.

Kontak die kantoor (Francois Slabber / Johan Coetzee) by 087 092 6618 om jou stalletjie te bespreek, jou kaartjies te koop of vir meer inligting

BANKBESONDERHEDE

Begunstigde: OSK Koöperatiewe Bank Beperk / Bank: Standard Bank / Rekening: 041 712 617 / Takkode: 050103
Verwysing: GA 106 + Naam en van of Besigheidsnaam / E-pos jou bewys van betaling na: a-z@pekan.co.za

BKO

BO-KAROO OPLEIDING




## SKEP 'N TOEKOMS VIR JOUSELF IN 'N OMGEWING VAN VRYHEID, VEILIGHEID EN VOORSPOED.

In die middel van Suid-Afrika, in die Bo-Karoo streek, langs die Oranjerivier, in die plattelandse Afrikanergemeenskap van Orania, bou Bo-Karoo Opleiding aan vryheid deur opleiding en arbeid.

BO-KAROO OPLEIDING WAAR JY *vry, veilig en voorspoedig* VIR JOU 'N TOEKOMS KAN SKEP

## KWALIFIKASIES

- BOERDERYBESTUUR
- BOU EN SIVIELE KONSTRUKSIE
- LOODGIETER
- ELEKTRIES
- TUISVERSORGING



## BKO trek in 2024 ons ou baadjie uit, en spog met 'n nuwe kenteken!

Skakel op ons sosiale media blaaie in op **12 Februarie** vir die groot bekendstelling!



# Vloedskade word sistematies herstel

NA

VOOR



Koerania het in die Januarie uitgawe berig oor die vloedskade wat in en om Orania aangebring is. Ons het by die Orania Dorpsraad gaan aanklop om te verneem hoe die herstelwerk vorder.



**André van Heerden**, die Hoof van Ingenieursdienste *(Foto regs)*:

- ✔ Die skade wat veroorsaak is aan paaie en uitgrawings wat oopgespoel het of versak het, is uiteindelik byna voltooi. Enkele areas wat nog te nat was, is uitstaande.
- ✔ Die eerste verbetering van die dreineringstelsel is die verlaging van die Diamantlaanbrug se pype. Daar is reeds begin om bestaande dienste wat herlei moet word te ontbloot.
- ✔ Daar sal binnekort met die stormwaterkanaal by die Oewer tussen die OAB en VKN-grens begin word. Die nuwe kanaal sal die opdamming van vloedwater by die landbouhoewes verhoed.
- ✔ Sodra die stormwaterbufferdam by die sonplaas genoeg uitgedroog het, sal daar begin word om die dam te vergroot. Dié werk sal moontlik eers in die winter gedoen kan word.



**"Vanuit die Dorpskantoor beskou het die wolkbreuk van 28 Desember 2023 en die meegaande stormwater uitdagings daarna veral vier dinge by ons tuisgebring,"** sê Uitvoerende Hoof, **Gawie Snyman** *(foto regs)*

- ✔ Dat die Here ons beskerm en dat ons baie dankbaar moet wees dat ons geen lewensverlies gehad het nie.
- ✔ Dat Oraniërs, soos altyd, 'n gemeenskap is wat vir mekaar omgee en mekaar help. Hoe die gemeenskap uit eie beweging by Aan-die-Oewer aangemeld het om hand by te sit, asook die vrouens, kerke en instellings wat gehelp het met verblyf, sop, broodjies, beddegoed en warm klere vir daardie kampeerders wat die ergste hierdeur getref is, was 'n riem onder die hart.
- ✔ Dan is 'n paar tekortkominge in ons stormwaterbeplanning duidelik uitgewys wat nou verdere aandag sal geniet.
- ✔ Na afloop van 'n veiligheidsnabetragting is daar bevind dat alhoewel ons veiligheidsgroepe flink en doelgerig opgetree het om te help waar nodig, enkele aanpassings gemaak kan word om te verseker dat ons ook die nodige empatie, ondersteuning en gerusstelling aan veral enkel dames en die ouer geslag kan gee in tye van paniek en onsekerheid.




Hierdie foto's is aan die einde van Januarie by Aan-die-Oewer geneem. Daar is meer as 200 lorrievragte grond en klip ingery om die reuse gate te vul sodat besproeiing aangelê kan word en gras uiteindelik weer geplant kan word.




# Dorpstoere bereik 'n hoogtepunt in 2023

Die Orania Beweging bied sedert 2014 gratis dorpstoere vir besoekers en inwoners aan. Die hoeveelheid persone wat die dorpstoer in 2023 onderneem het is 'n bewys dat Orania 'n gesogte vakansiebestemming en beslis ook Afrikanertuiste word.

Aan die einde van 2023 het 3569 persone die dorpstoer saam met een van die toergidse meegemaak. Hier is nog statistieke van die getal toere wat aangebied is:




Die hoeveelheid individue wat die toer onderneem het:




Besoekers en voornemende inwoners word aangeraai om 'n dorpstoer te geniet sodat hul baie meer inligting oor die dorp en die infrastruktuur kan bekom.


Kontak die Orania Beweging se Inligtingskantoor by 053 207 0062 om jou plek te bespreek.

## Vryheid in Orania…

Jo-Mari Conradie en Eurika Scheepers, albei Landboubestuurstudente by die Bo-Karoo Opleidingsentrum, stap ewe rustig na klas na hulle koshuis toe. Dit is die vreugde van studentwees in Orania!



Foto Dia van Staden




## Die Kaalvoettrap – waar diep spore lê

Die Kaalvoetvroue van Orania, wat verwys na die Voortrekkervroue wat bereid was om kaalvoet oor die Drakensberge te stap, pak projekte aan om Orania te verfraai. Die Kaalvoettrap wat twee dele van Orania verbind is ŉ voorbeeld van so ŉ projek. Aan die een kant van die trap is daar ŉ tydlyn wat Orania se geskiedenis op teëls uitbeeld.

Orania se kaalvoettrap in Robynlaan is uit mosaïek gemaak en beeld ŉ boom waarvan die wortels diep gegrond is, uit. Hierdie boom is baie simbolies omdat dit ook die vrugte dra (olywe en pekanneute) wat in Orania verbou word.

Die vier takke van die boom stel elk 'n seisoen van die jaar voor: lente, somer, herfs en winter, elk met sy kenmerkende kleure.

Daar is geitjies, voëls en vlinders, om ons bewaringsgesindheid uit te beeld. Tussen die wortels is kaalvoetspore, om die jaarlikse Kaalvoetkonserte te gedenk.

Links aan elke trap is daar 'n terrakotta teëltjie waarop 'n gedenkwaardige gebeurtenis in die geskiedenis van Orania se ontwikkeling uitgebeeld is, 'n tydlyn wat die geskiedenis vasvang.

Die teëls was gedeeltelik skenkings vanuit die gemeenskap, soos byvoorbeeld waardevolle porseleinborde wat gebreek het. Daar is historiese mosaïekstukkies, afkomstig van die huidige Dorpsraadgebou wat deur Waterwese gebou is. Dié mosaïekstukkies is op die trap herbenut. Kosbare stukkies is op die herwinningsbank gevind.

Aan die regterkant is ŉ kanaal, waar fietsryers hulle fietse kan op- of af stoot, aangebring. Die trappe het ŉ boog wat in feestye met liggies versier word.

Die boom kry sy lig van die son, maar sy krag en energie van Jesus Christus waarin hy met sy wortels geanker staan. Die kunstenaar was die bekende Cornelia Holm, 'n inwoner van Orania.


## Majubadag op 27 Februarie

Op 27 Februarie vier Oraniërs die slag van Amajuba en die boere se oorwinning oor die Britse weermag. Hierdie slag, wat op 27 Februarie 1881op die Amajubakoppie naby Volksrust besleg is, was die laaste van vier militêre botsings tussen die Transvaalse Boere en Groot Brittanje, en die vernederende nederlaag van Brittanje het ook die einde van die Eerste Vryheidsoorlog aangekondig. Hierdie dag word deur Oraniërs binne Orania gevier en word vanjaar deur Bo-Karoo Opleiding aangebied.

**Daar is gerugte van 'n uitdaging tot 'n watergeveg tussen die BKO studente en die kinders van Orania…**

Kultuur verryk ons lewens en besondere vakansiedae is eie aan Orania. Kom neem gerus deel en bring veral die kinders sodat hulle van jongs af sal verstaan wie ons is en hoe ons gevorm is.

**Kontak Marike Labuschagne by marike@bokarooopleiding.co.za indien jy betrokke wil raak of meer inligting benodig.**



Slag van Amajuba in 1881

Promosie

# 32 Bataljon gee stomp by Voortrekkermonument nuwe lewe

Op 3 Februarie 2024 het oudlede van die 32 Bataljon weer die Suid-Afrikaanse Weermag Muur van Herinnering by die Voortrekkermonument besoek om die naamplaatjies van 142 van hul makkers wat in die Grensoorlog gesneuwel het, skoon te maak.

Dié bekende erestomp kan by die Weermag Muur van Herinnering, wat 2009 hierheen geskuif is, gevind word. Dit is van hardekoolboom gemaak en is aanvanklik in 1985 in die Wes-Caprivi in Namibië onthul.

“Dit is vir ons ’n saak van erns om hierdie manne te onthou. Hulle was ons kamerade, ons vriende,” vertel Noël Viljoen. Viljoen was ’n korporaal van die 32 Bataljon.

Sommige oudlede het hul kinders saam-gebring om te kom help skoonmaak en so ook die tradisie en erfenis aan die nageslag oor te dra. So word dit ook ’n gesellige gesinsaktiwiteit.

“Ons is veronderstel om die stomp twee keer elke jaar te kom skoonmaak, maar ons hou dit dop en kyk wanneer dit nodig is. Wanneer ons klaar is, kan ’n mens ’n duidelike verskil sien. Dit sal sommer blink,” vertel Viljoen.


Die stomp word deur oudlede van die 32 bataljon skoongemaak

Viljoen wys na ’n paar naamplaatjies op die stomp en vertel ’n staaltjie oor elkeen wat eens sy vriende was. “My kinders wil nie saam met my hierheen kom nie. Dit is vir hulle te emosioneel,” vertel hy bewoë.

32 Bataljon was van 1976 tot 1989 as deel van die Suid-Afrikaanse Weermag na Angola ontplooi.

Die Voortrekkermonument werk gereeld saam met die Raad vir Militêre Veterane om hul gedenktekens te vier en die militêre fees vind jaarliks in Meimaand by die Voortrekkermonument plaas.

Promosie

# Die Vierkleur is nou in die regering se visier

Ronald Lamola, minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, is van mening dat die Vierkleur, ’n vlag wat teen 1902 (lánk voor apartheid) nie meer in gebruik was nie, ’n simbool van apartheid en kolonialisme is. As ’n kersie op die koek, neem Lamola dit selfs verder en beweer dat die Vierkleur gelykstaande aan die ou landsvlag is.

Hierdie uitspraak volg na ‘n insident op Groblersdal waar lede van die publiek hierdie vlag gewapper het tydens ‘n betoging.




Dit is jammer dat opportunistiese die vlag by geleenthede gebruik vir politieke standpunte eerder as ’n kultuurvlag soos dit bedoel is.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuur-vereniginge (FAK) verwerp hierdie bewerings wat ’n drakoniese wanvoorstelling van die ware geskiedenis en simboliek van die Vierkleur is.

Die Vierkleur is vir Afrikaners ’n simbool van die karakter van die Afrikaner; ’n nasie wat tydens die Anglo-Boereoorlog tot die bittere einde toe geveg het met die wete dat hul vroue en kinders onder haglike omstandighede in konsentrasiekampe regoor die land vergaan.

Ons kultuur is al lankal in die regering se visier en verduur aanslag op aanslag deur lede wat die Afrikanerkultuur minag en probeer uitroei.

Die vandalisering van ons erfenisterreine en ons monumente is aan die orde van die dag en daar is geen erns by die regering oor enige Afrikanersaak nie.

Hul visier val nou op die Vierkleur en die kwansuise rasse-afmaking van ’n vlag wat 120 jaar laas gewapper het – bykans 50 jaar voor daar enigsins sprake van apartheid was.

Die Vierkleur is nie ’n vlag waar wit teen swart, of soos Lamola beweer, wit oor swart geplaas word nie.

Hierdie vlag gaan oor kultuur. Hierdie vlag gaan oor ’n nasie se strewe na onafhanklikheid van die Britse imperialisme en ’n strewe na selfbeskikking. Hierdie vlag is ’n herinnering aan die meer as 34 000 vroue en kinders wat gesterf het in Britse helkampe. Hierdie vlag is nié ’n middel om haat aan te vuur nie, maar ’n herinnering van die Afrikaner se moeilike stryd in Suid-Afrika.

Daar is opnuut debatte ontketen, soos die debat tussen EFF-lid, Carl Niehaus en Ernst Roets, die hoof van beleid by Solidariteit.

Niehaus sê dat die vlag tot haatspraak verklaar moet word, terwyl Roets hierdie oproep verklaar as ’n misbruik van gebeure soos dié vir politieke gewin en dat die regering eerder moet kyk na sy eie mislukkings binne die regering.


Die FAK sal nie die verdere aanslag op ons kultuurhistoriese erfenis duld nie en moedig die gemeenskap aan om die FAK te ondersteun sodat die aanslag op die Vierkleur en ons kultuur gestuit kan word.

Om hierdie vlag, so eie aan die Afrikaner van vandag, se identiteit te ontneem, is ’n skreiende skande en ’n minagting van die Afrikaner se historiese impak en konteks in Suid-Afrika.

Staan op vir jóú erfenis en sê nee vir regering-inmenging in ons kultuur.
https://forms.gle/TBhiJrqoMvZV4eyN9

## Shenielle dra haar emosies oor in woorde

Wanneer die 16 jarige Shenielle de Lange voor keuses geplaas word dan is koeldrank, popmusiek, dans, honde en sjokolade maar net ‘n paar van haar gunstelinge. Oor die volgorde van voorkeur sal daar nog besluit moet word.




Dié graad 11 meisie het pas ‘n debuut bundel vrygestel waarin sy oor verhoudings en die uitdagings van verhoudings dig. Shenielle vertel dat sy digkuns gekies het as genre omdat die skryf van ‘n boek ‘n té lang proses is. “Ek hou daarvan dat ek in ‘n gedig my gevoelens sterk kan uitbeeld sonder om langdradig te raak,” noem sy.

Shenielle lees graag Engelse boeke en daarom is haar breër woordeskat en sterker skoolvak ook Engels. Dié sielvolle meisie sit haar gevoelens in elke gedig op skrif. Haar eie verhoudings en dié van vriende en mense om haar het ‘n groot invloed op haar eie idees van verhoudings en daarom skryf sy graag daaroor.

**Die ontwerp van die voorblad het sy ook self gedoen. Sy vertel dat die gesigte die verhoudings tussen mense uitbeeld en dat die hart die emosies weerspieël.**

Oor die versameling van gedigte sê sy dat daar nie een spesifieke tema is wat sy verkies om oor te skryf nie. ”Inspirasie kom gewoonlik van die snaakste plekke af”. Sy verduidelik dat sy nie gefokus bly op een tema nie, en daarom sal die geboorte van ‘n nuwe gedig haar dikwels onverhoeds vang. Sy erken egter dat mense se sê-goed en metafore haar geoeg kan prikkel om tot digwerk oor te gaan.

Shenielle se gunsteling gedig in die bundel is Fallen Angels. “Dit is een van die gedigte wat ek die minste tyd aan spandeer het, maar die meeste geniet het om te skryf.”

Haar gedigte sluit gereeld punte as leestekens na haar sinne of strofes in. “Net soos ‘n punt gebruik word om ‘n sin af te sluit, het ek punte in ‘n figuurlike vorm gebruik. Wanneer ek daardie sin afsluit sluit ek die hoofstuk in my lewe ook daarmee af.”

‘n Interessante toevoeging tot die bundel is die insluiting van dertig skakels na liedjies op Spotify. Alhoewel daar nie ‘n spesifieke gedig toegeken is aan ‘n spesifieke liedjie nie, is die speellys wel deurdag saamgestel. Shenielle het heelwat van dié musiek geluister terwyl sy aan die bundel geskryf het, sekere liedjies beeld haar persoonlikheid uit en sy wou ook genoeg van ‘n verskeidenheid insluit sodat dit in die meerderheid mense se smaak sou val. “Waar uiteenlopende musieksmake vermeng word skep dit ‘n geleentheid om ander mense beter te verstaan en nuwe verhoudinge te skep,” beaam sy.

Sy verstaan dat ‘n skrywer self moet lees om werklik skryfgereed te word. Sy lees graag fiksie, romanse en poësie. Twee van haar gunstelinge is Heart and bones deur Colleen Hoover en Diary of a Romantica deur Celia Martinez geskryf.

‘n Hele paar van die gedigte toon duidelik dat dié jong dame ‘n sterk verhouding met haar Skepper het. “Hy staan nie op om iets belangriker te gaan doen terwyl ek met Hom praat nie.” Sy vertel met oorgawe dat Hy haar eerste lief gehad het en dat Hy haar hart, siel en persoonlikheid ken. Sy voeg by dat sy nog altyd die Vader kon vertrou met haar geheime, en dat, wanneer sy nie kan praat nie, Hy reeds weet wat sy dink, voel of beleef. Shenielle leef haar geloof uit deur haar liefde vir mense, haar woorde, haar empatie met mense en haar skryfwerk.

Die titel van die bundel vat haar ondervindinge van 16 jaar saam. “Mense wat al die seer, die lesse, die verantwoordelikhede en die letsels ervaar het wat ek in my kort lewe beleef het, sal dadelik met my gedigte kan identifiseer.”

Sy gaan nie ophou skryf nie en sien daarna uit om vir nog kompetisies in te skryf en selfs oor ‘n paar maande nog ‘n bundel te publiseer.


Kry die bundel sommer direk by Shenielle teen slegs R50 per kopie. Kontak haar by 0826777379 om jou eie bundel op jou boekrak of bedkassie te hê.


Shenielle de Lange



# Tannie Elize Ungerer vier 30 jaar by die Orania Beweging

Dia van Staden - Redakteur




Ons ken ‘n tannie met ‘n skoeter
Sy is nie een vir voort ploeter
Sy mag dalk val, maar staan gou weer op
Haar kierie gee haar heupe sommer weer skop

Tannie Elize vier vandag dertig jaar
By die Orania Beweging as ‘n steunpilaar
Tannie Anna sou uiters trots wees
Op tannie Elize se volgehoue positiewe gees

Ledekaarte hou sy by
Om alles geblaai en gevou te kry
Op 81 wikkel sy nog Voort
Daar is maar min van haar soort

Sy het ‘n hele lot hoofde oorleef
Maar saam is gebou na wat Orania streef
Prof Carel, Frans, Jaco, Sarel en Carel 4 was hier
Tans, in 2024, is hoofskap Joost se plesier

Tannie Elize se bederfies bly spesiaal
Dis hekelwerk, lusernsop en blomme veral
Jou kollegas lief jou te veel
Gehoorstuk en al, is daar altyd nog ‘n storie te deel

Die OB-dames vorm ‘n gedugte span
Voorvat is vir hulle deel van die plan
Die uitdeel van drukkies bly ‘n genot
Op inligting aan besoekers, bly hul versot

Gesondheid is ons wens vir jou
Dat die kierie en die skoeter tannie regop sal hou
Mag die Vader se genade oorvloedig wees
En Tannie die lewe vier, want in Orania is dit ‘n fees!
Baie Liefde
Die OB-span








KOERANiA Besigheidslys

Verhoog die sigbaarheid van jou besigheid en bereik ‘n wyer gehoor vir slegs **R420 per jaar**. Verhoog jou handelsmerk se blootstelling, lok potensiële kliënte en verbeter jou SEO-telling. Jou advertensie op die besigheidslys versterk geloofwaardigheid en bou vertroue by verbruikers. Daar is kliënte wat **JOU** produkte of dienste benodig. Kom ons wys vir hulle wie en waar jy is!

SKANDEER DIE QR-KODE OM DIE AANLYNVORM TE VOLTOOI.

KOERANiA Besigheidslys

Gebruik ons aanlyn besigheidslys om besighede in Orania te vind

SKANDEER MY!

LEES DIT! DEEL DIT!

083 726 1180 redakteur@koerania.co.za www.koerania.co.za

## 'n Arbeidsterapeut meld aan vir 'n hospitaaljaar




Yoraldé van Staden het haar Baccalaureusgraad in Arbeidsterapie aan die einde van 2023 aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi. Yoraldé is tans besig met haar hospitaaljaar in Jagersfontein waar sy hoofsaaklik by die Itumeleng kliniek in die aangrensende informele nedersetting werk, en elke Dinsdag by die kliniek in Edenburg werksaam is

Yoraldé verduidelik dat 'n hospitaaljaar verpligtend is voordat jy uiteindelik mag praktiseer. "Daar was verlede jaar sprake dat die hospitaaljaar weens finansiële redes afgeskaf sou word. Ek was baie opgewonde om moontlik dadelik in Orania te kan begin werk, maar heelaas het dit nie so gerealiseer nie en maak ek nou die beste van die situasie," sê sy met die vasberadenheid van 'n hoopvolle jongmens.

Sy het onlangs uitgevind dat sy die eerste arbeidsterapeut in 'n lang tyd is wat haar hospitaaljaar in Jagersfontein wou doen. Die verbasing van die personeel omdat sy op 2 Januarie reeds aangemeld het vir werk was duidelik. Aangesien die Jagersfontein hospitaal baie klein is en die twee klinieke waar sy ook moet dienste lewer geen toerusting het nie, moet sy self aankoop wat sy benodig. Yoraldé moes die verpleegpersoneel van die Itumeleng kliniek bewus maak van wat arbeidsterapie behels en watter dienste sy kan lewer.

Na vier jaar se studies bly dit 'n moeilike vraag of sy die regte beroepskeuse gemaak het. Yoraldé vertel hoe die laaste twee jaar van studeer vir haar moeilik was en dat dit gevoel het of sy en haar mede-studente hul empatie verloor. "Ek is passievol oor my beroep en glo dat arbeidsterapie regtig mense se lewensgehalte kan verbeter,"deel sy. Sy sien baie daarna uit om in 2025 met die Orania gemeenskap te kom werk, aangesien dit mense is wat haar na aan die hart lê en oor wie se welstand sy besorg is.

Dié dame geniet dit om alleen te werk, maar besef dat sy as arbeidsterapeut baie nou met 'n mediese span, ouers en onderwysers sal moet werk om die beste sorg aan haar pasiënte te verskaf.

'n Hospitaaljaar is veronderstel om geleenthede tot verdere ondervinding te bied, maar in die klein dorpie waar sy haarself sonder toerusting bevind, dwing dit haar daartoe om ondersoek in te stel na gespesialiseerde kursusse soos sensoriese integrasie, ensovoorts. 'n Meestersgraag mag dalk net in die toekoms vir haar wink.

Yoraldé is 'n innoverende meisie en maak allerhande planne om fiks te bly en haar liefde vir dans uit te bou. Haar omgewing is nie baie veilig nie, maar haar vrye tyd smiddae word tans met touspring gevul. Die staanpaal, wat vir paaldans aangewend word, is een van haar voorliefdes. Youtube is tans haar afrigter en inspirasie vir nuwe toertjies en bewegings. Sy kyk nou uit vir 'n hanghoepel wat sy in 'n groot boom in die tuin kan hang sodat sy haar sport steeds kan beoefen.

Hierdie dogter van Zelda en Hans van Staden is 'n Oraniër in murg en been. Sy kan nie wag om haar praktyk in Orania te open nie. Sy wou nog altyd met jong kinders werk, maar besef dat sy dalk aanvanklik met die breër mark sal moet werk tot die stad behoorlik gegroei het. Trouklokke sal vroeg in 2025 vir haar en Hugo Grotius, haar verloofde, opklink. Sy sien uit na huis-huis speel, tuinmaak en 'n paar hoenders op die erf.

Die idee van oorsee gaan het vroeër jare idilies geklink, maar sy glo nie dat die avontuur van die onbekende haar persoonlikheid sal pas nie. "Ek verkies standvastigheid," bevestig sy.



Sy beveel matrikulante aan om seker te maak van hul beroepskeuse deur met ander in die bedryf te gesels wat dit reeds doen. Die feit dat arbeidsterapie 'n uitdagende kursus is wat uithouvermoë verg moet nooit onderskat word nie, maar 'n besliste vooruitsig om mense te help sal elkeen deur die uitdagings van die kursus dra.

"Verlede jaar tydens 'n baie moeilike tyd het ek Josua 1:9 gelees, en dié vers het my deur die res van die jaar gehelp. Noudat dinge bietjie rustiger is hou ek my fokus op die toekoms en weet ek dat elke dag my 'n bietjie nader aan my geliefdes en drome bring," glimlag Yoraldé.

# Riaan debuteer met 'n roman

Dia van Staden - Redakteur

Hy was 'n Pietersburger as skolier, maar woon al 'n hele klompie jare in die Jakarandastad, Pretoria. Hy is 'n bekende sanger, televisieaanbieder en vervaardiger, akteur en tans 'n aanbieder op PretoriaFM op Saterdae.


Riaan se debuutroman is pas vrygestel en sy bekendstelling het op Maandag 5 Februarie in Pretoriaby die Bont Huijs Ateljee plaasgevind. Dié pragtige venue, met 'n magdom bekende kunswerke, het almal se asems weggeslaan. Daar was byna 200 mense en 'n akoestiese orkes het Riaan begelei terwyl hy drie liedjies gesing het wat hy aan sy ondersteuners en aanhangers opgedra het. Emile Vermeulen was op die klavier, Lindzi Moore op tjello en Ashleigh Botha op viool gehoor. Koerania was ook daar!

Die bekende skrywer, Elsa Winkler, het die onderhoud hanteer. Riaan het vir die gehoor vertel dat hy nie in stilte kan skryf nie en dat Geheime op Philadelphia in 'n koffiewinkel in Brooklyn lyf gekry het. Hy het ook vertel dat die meerderheid van die karakters in sy boek op mense geskoei is wat hy goed ken. Die gehoor het behoorlik hieroor begin gis.

Riaan en Jo-Mari het 'n nuwe duet enkelsnit, "'n Dag sonder jou" se video as 'n bonus vir die waarderende gehoor vertoon. Dié nuwe lied is met 'n dawerende applous ontvang, maar die amptelike vrystelling van die snit sal vroeg in Maart geskied. Verskeie bekendes soos Nadine, David Fourie, Karlien Husselmann, Gisela de Villiers en Scheppel het die geleentheid bygewoon.

Riaan se Facebook staaltjies het al baie mense laat skater en soms 'n traan laat pink. Hierdie eerste boek se storie gaan dieselfde uitwerking op elke leser hê. LUCA, die uitgewer van die boek, sien uit na 'n tweede manuskrip van Riaan wat al goed op dreef is.

Daar is tot laataand tussen die pragtige kunswerke van die venue gekuier en Riaan moes almal se boeke teken en vir foto's regstaan. Verskeie gaste het kommentaar gelewer dat dit 'n uiters kreatiewe aand was en dat toekomstige boekbekendstellings sal moet uithaal en wys om hiérdie een te klop!







Riaan en twee van sy vriende, Dia van Staden en Hendri Myburgh, wat 'n paar jaar gelede by die Groot Ontbyt kollegas was, het in die opwinding van Riaan se eerste boek gedeel.



Riaan Grobler en Elsa Winkler in gesprek oor sy boek Geheime op Philadelphia.



Die gehoor het 'n heerlike koel aand in Pretoria geniet terwyl hulle met mooi musiek, 'n mooi omgewing, keurige eetgoed en treffende woorde vermaak is.




TOP TIENER SKOOLMEISIE-GESIG

**REGISTRASIEVORM**

TOP TIENER SKOOLSEUN-GESIG

Naam en van: (Deelnemer) ______________________________

Skool: ______________________ Graad: ______ Ouderdom ______

Dorp: ______________________________

Fisiese adres (Huis): ______________________________

______________________________

Ek registreer omdat: ______________________________

______________________________

Selfoon: ______________ E-pos: ______________

Ouer of Voog se inligting: Naam en Van: ______________

Fisiese adres (Huis): ______________________________

______________________________

Selfoon: ______________ E-pos: ______________

Fotograaf: ______________________________

Selfoon: ______________ E-pos: ______________

FB profiel: (Indien beskikbaar) ______________________________

Eldien Kirsten
VOORKOMSKONSULTANT

OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!

**Reëls en regulasies:**

1. Top Tiener registrasies open op Vrydag, 9 Februarie 2024.
2. Slegs seuns en dogters tussen die ouderdomme van 13 en 18 kan deelneem.
3. Sy / Hy moet tans 'n skolier in die Noord-Kaap wees.
4. Die fotograaf moet in die Noord-Kaap gebaseer wees.
5. Registrasies mag slegs EEN persoon op die foto hê. GEEN groepfoto's word toegelaat nie.
6. Finaliste sal van die foto's af aangewys word.
7. Een (1) kop-en-skouers foto PLUS een (1) vollengte foto moet saam met die voltooide registrasievorm ingehandig word. Meer foto's saam met die registrasie sal tot onmiddellike diskwalifisering lei.
8. Die foto's moet volkleur portret wees en ten minste 2MB grootte.
9. Foto's moet in Jpeg-formaat aangestuur word.
10. Foto's mag nie ouer as drie maande wees nie.
11. GEEN foto's in swemklere word verlang nie.
12. ALLE foto's moet buite geneem word. GEEN ateljeefoto's word toegelaat nie.
13. Registrasies moet per e-pos na redakteur@koerania.co.za gestuur word.
14. Geen inskrywings per Whatsapp sal toegelaat word nie.
15. Finaliste sal via Facebook en digitale Koerania aangekondig word op Woensdag, 6 Maart 2024.
16. 'n Registrasiefooi van R100 is betaalbaar en bewys van betaling moet ingesluit word by die e-posregistrasie.
17. SLEGS EEN registrasie per individu word toegelaat.
18. Finaliste moet kennis neem dat hul foto's te enige tyd deur Koerania, Okkasie Hasie en Eldien Kirsten Afrondingskool vir bemarking aangewend kan word.
19. Finaliste kan gedurende 2024 moontlik versoek word vir die neem van bemarkingsfoto's vir Koerania, Okkasie Hasie of Eldien Kirsten Afrondingskool.
20. Finaliste sal hulself beskikbaar moet stel op Woensdag, 13 Maart 2024, vanaf 18:00 – 19:00 vir 'n voorbereidingsessie vir die Skermerkelkiekroning.
21. Finaliste sal hulself beskikbaar moet stel op Vrydag, 15 Maart 2024, vanaf 18:00 – 20:00 vir die Skermerkelkiekroning.
22. Daar sal geen onderhandeling wees oor die keuse van finaliste en wenners nie en die beoordelaars se keuses sal finaal wees.

**Ons herinner jou aan wat in EEN e-pos aangeheg moet word:**

- E-pos jou voltooide registrasievorm na redakteur@koerania.co.za
- Heg 'n kop-en-skouer foto EN 'n vollengte foto aan (portretformaat) – elk ten minste 2MB in grootte.
- Heg bewys van betaling van R100 registrasiefooi aan.

Ek ______________________________ verstaan en aanvaar die reëls en regulasies soos hierby uiteengesit.

Handtekening: ______________________ Datum: ______________
Ouer / Voog

**Bankbesonderhede:**
**OSK:** Go 206 Okkasie Hasie
**Verwysing:** TTM (meisie) / TTS (seun) Naam en van

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# CVO-skool Kleuresport

**Dia van Staden** - Redakteur

CVO-skool Orania het op Saterdag 27 Januarie hulle Kleursport aangebied. Die atlete het hulle talente na die vakansie afgestof om die baan behoorlik aan die brand te hardloop en te spring.












Fotos Dia van Staden




KOERANIA Sport

Februarie, 2024

Volume 01 | Uitgawe Nr. 03

**NOODNOMMERS**

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Die Orania Muurbalklub

Dia van Staden - Redakteur



Die Orania Muurbalklub het in 2023 sy vere begin regskud en met die hulp van verskeie borge is die baan opgeknap sodat daar weer gespeel kan word.

Alhoewel daar nog baie werk gedoen moet word vir die volledige opknapping van die baan, word daar reeds fluks gespeel. "Soos wat die klub groei sal die ledegeld aangewend word om nog verbeteringe aan te bring," vertel die voorsitter, Victor Correia. Enige persoon wat by die klub wil aansluit kan vir Victor by 082 568 5587 vir meer besonderhede kontak.

Besoek gerus hul webblad by www.oraniamuurbal.co.za vir die aansluitingsbesonderhede.

Foto Dia van Staden

## Die Voëlklub bekyk die gevlerktes



Die meerderheid voëlliefhebbers vertel dat hulle aan die aktiwiteit deelneem omdat dit hul 'n geleentheid gee om met die natuur kontak te maak. Volgens die wetenskap leef voëls nie in isolasie nie. Elke spesie leef interaktief met ander diere en plante, en dit is duidelik wanneer 'n persoon lank genoeg stilsit en werklik waarneem.

Die Orania voëlklub bestaan uit 'n paar natuurliefhebbers wat graag die ryk voëllewe van die Noord-Kaap bestudeer. Daar word allerhande ekskursies en samesyngeleenthede vir vanjaar in die vooruitsig gestel. Alhoewel daar nie tans 'n vaste program bestaan nie, word daar ten minste eenkeer per maand saam gekuier rondom kameras, verkykers en voëls. Oraniërs van alle ouderdomme kan by die klub aansluit. Daar is geen klubfooi nie en enige persone met verblyfreg kan by die klub se Whatsapp-groep en Faceboekgroep ingesluit word. Behalwe dat mooi plekke ontdek word, deel die kykers in die genot van meer inligting oor die voeëlspesies en hul habitat.



Volgens Rudolf de Beer, sameroeper van die klub, akkommodeer die Oranjerivier se oewer en die droë Bo-Karoo 'n wye verskeidenheid spesies wat graag deur kranige voëlkykers besoek word. Rudolf vertel ook dat waterliewende voëls soos die reier, eende, visvangers en visarende gereeld gesien word. Roofvoëls sluit onder andere 'n verskeidenheid valke tot groot arende soos die Breëkoparend in. 'n Groot verskeidenheid sysies, kanaries en lewerike vorm ook deel van die spesies wat op Orania se drumpel gesien kan word.






## Water-aërobiese oefeninge

Die groep dames wat reeds by die water-aërobiese oefeninge aangesluit het geniet dié nuwe toevoeging tot Orania se sportaktiwiteite. Kontak vir Dia van Staden by 083 726 1180 indien jy saam wil oefen. Daar is beperkte plekke beskikbaar.



Lizette Burger



Abigail Ackerman






Praat Saam

KOERANiA
mense weet

www.koerania.co.za